# OPENBARING 12
# Konflik van die Eeue

Openbaring is gegee 96 na Messias en dis ons toekoms, soos wat die boek Daniël daarin oopgemaak of ge-Openbaar word.

Ons ken Open. 12 wat vir ons die geboorte van JaHUsha uit ‘n maagd vanuit Israel aandui en die feit dat die vyand onmiddellik daarop toegeslaan het deur Herodus wat die kindertjies laat doodmaak het, sodat sy koningskap nie bedreig moes word deur die Koning wat gebore is soos die wyse manne uit die Ooste Herodus attend op gemaak het nie.

> Gen 3:15  En Ek sal vyandskap stel tussen jou en die vrou, en tussen jou saad en haar saad. Hy sal jou die kop vermorsel, en jy sal hom in die hakskeen byt.

Dit is die “Konflik van die Eeue/Eras” tussen die Koninkryke van Lig en Duisternis tot die einde toe, wat vir ons die komende Era is, naamlik die Ewige lewe.

Direk nadat JaHUsha gebore is, het die magsbehepte Draak op Hom toegesak want dit gaan oor wie die Septer het, maar JaHUsha is weggeruk na die troon van Elohiem en daarom spits die Vyand hom toe op die wat aan JaHUsha behoort en hulle oorwin deur Open. 12:11.

> Open 12:5  En sy het ‘n manlike kind gebaar, wat al die nasies met ‘n **ystersepter sou regeer**; en haar kind is weggeruk na Elohiem en sy troon.

> Gen 49:10  Die septer sal van Juda nie wyk nie, nóg die veldheerstaf tussen sy voete uit <u>totdat</u> **Silo kom**; en **aan Hom sal die volke gehoorsaam wees**.

Die konflik tussen Lig en Duisternis word dus uitgespeel deur die “Saad” wat getrou bly aan Open. 12:17 en Open. 14:12 en al was diè konflik gewen op die Folterpaal, moet die generasies oor tyd daardeur sirkuleer om telkens self die keuse te kan maak om in die Koninkryk van die Hemel te kan ingaan of anders dan nie te kan ingaan nie.  Die wat nie ingaan nie sal dan moet wag vir die Groot Wittroonoordeel.

> Open. 12:17  En die draak was vertoornd op die vrou, en hy het weggegaan om oorlog te voer teen haar ander nakomelinge **wat die gebooie van Elohiem bewaar** en **die getuienis van JaHUsha Messias hou.**

> Open. 14:12  Hier kom die lydsaamheid van die afgesonderdes te pas; hier is hulle **wat die gebooie van Elohiem** en **die geloof in JaHUsha bewaar.**

Dit is die kenmerke van die Oorblyfsel, van die wat in Open. 15 die Lied van Moses kon sing en die Lied van die Lam.

> Open 15:2  En ek het gesien iets soos ‘n see van glas, gemeng met vuur. En die oorwinnaars oor die dier en oor sy beeld en oor sy teken, oor die getal van sy naam, het ek by die see van glas sien staan, met siters van Elohiem.

Open 15:3  En hulle het **die lied gesing van Moses**, die dienskneg van Elohiem, en **die lied van die Lam**, en gesê: Groot en wonderlik is u werke, JaHUaH El Shaddai; regverdig en waaragtig is u weë, o Koning van die afgesonderdes!
Open 15:4  Wie sal U nie vrees nie, JaHUaH, en u Naam nie verheerlik nie? Want U alleen is afgesonder; want al die nasies sal kom en voor U aanbid, omdat u regverdige dade openbaar geword het.

Die lied van Moses wat gesing is nadat hulle veilig uit Egipte gelei is, is in Ex. 15.  Is die lied van die Lam die Nuwe Lied van Open. 5?

Open 5:9  Toe sing hulle ʻn **nuwe lied** en sê: U is waardig om die boek te neem en sy seëls oop te maak, want **U is geslag** en het ons vir Elohiem **met u bloed gekoop** uit elke stam en taal en volk en nasie,
Open 5:10  en het ons konings en priesters vir ons Elohiem gemaak, en ons sal as konings op die aarde heers.

Die Profetiese Plan is uitgelê in die twee boeke van Daniël en Openbaring en soos die Wêreld deur die Tye beweeg, word dinge al helderder wanneer ons die profesië wil verstaan.

Die Punt is dus:  "Ons moet die Tyd eien van die ontplooing van die Profetiese wat gebeur".

Elke Geestelike mylpaal of Era was voorheen al uitgespeel in die Fisiese bedeling, bv.

- Tussen Noag en die mense van die wêreld van die Ou tyd van voòr die vloed,
- Tussen AbraHam en Babilon,
- Tussen Moses en Aäron, en die wêreld van die Farao's,
- By tye van Messias JaHUsha se dood met die Romeinse politiese en nagemaakte Religieuse Wêreld van daardie tyd  ...
- Dan volg Ons Tyd waar die Ooste en Weste Polities en Godsdienstig verdeeld en in opposisie met mekaar is.

ʻn Baie goeie en toepaslike Konflik tussen Lig en Duisternis was die Donker Middeleeu wat 1 260 jaar lank geduur het volgens berekeninge.  Verdere verloop van die geskiedenis van die aarde het dit tot ʻn einde laat kom.

Openbaring beskryf bogenoemde rolspelers in die stryd aan die kant van Duisternis as ...

1. die "Dier" of "die Beeld-van-die-Dier" (*dis die **Politiek van die Wêreld***) en
2. die Valse Profeet (*die **Godsdienste van die Wêreld***).

Dan is daar ons, wat **buite** beide sisteme funksioneer soos eilande in ʻn See van Satan se Domein in die Geo-Politiese Wêreld.

Soos dit was in die Dae van Noag, lewe mense net voort terwyl die horlosie tik, tik, tik en al hoe nader beweeg aan die 12.

Daniël vertel vir ons die Noodlot van die Mens wat probeer om Self te regeer.  Kyk na die 2 aparte voete naamlik die Ooste en Weste, in die wêreld van vandag.  Elke voet is opgemaak deur stukkies van yster

maar wat geskei word deur klei (*d.i. Nasies en Streke waarin die wêreld verdeel is*). Ons sien dit vandag as die Geo-politiese Wêreld.

Dit is die **Weste** TEENOOR die **Konings van die Ooste** (*Open. 16:12*).

Aan beide kante (Oos en Wes), is die Gosdienstige, die Valse Profeet, wat "geaktiveer en bewapend" is, sodat die massas aan beide kante beheer kan word.

- In die Ooste is die Ortodokse Christendom (*wat uit Moskou beheer word deur die KGB en Kommunistiese Party as 'n "Staatsgodsdiens" met al die Streeks-Patriargate wat ondergeskik is daaraan, en dit heers saam met Islam en Ateïstiese China).*

- In die Weste is daar die Roomskatolieke Kerk en die "Protesterende Katolieke" (*genoem die Protestante*) met Talmudisme/Zionisme en diè se verwantskap t.o.v. Regering, Banke en Groot Besighede.

Hierdie twee entiteite (*Weste en Ooste*) is in 'n worsteling van Lewe en Dood te midde van die "Hegeliaanse Planne".

- https://www.crossroad.to/articles2/05/dialectic.htm
- https://aminutetomidnite.com/blog/hegelian-dialectic/

Dit word veronderstel dat daar Een Wenner sal wees, naamlik 'n Nuwe Wêreldorde, 'n Een-wêreldsisteem vir die Antimessias om sy Wêreld te regeer vanuit Jerusalem, maar Daniël sê:

> "**In die tyd van hierdie konings** …"

Dis Dan. 2:44 en dit dui op die koms van die Koninkryk van die Hemel.

So moet ons verstaan, dat ons as die Yisra'EL van Elohiem die Wêreld moet oorwin (*die geestelike misleidings van Open. 2 en 3*).

Terwyl ons dit doen is ons besig om deur die Geestelike Tempel van die Boek van Openbaring te beweeg (*sien Open. 1:12, 5:8, 6:9, 8:3, 9:13, 11:19, 12:17 en 14:12 en dan Open. 15:5 – 8 en uiteindelik Open. 21:22, om in staat te kan wees om die Stad te betree, Open. 21 en 22*).

Die Einde is aan Daniël gewys asook die Komende Koninkryk en diè se Koning, maar soos ons, wou hy weet wat in "sy tyd" sou gebeur.

Dit alles is 'n herhaling van die Eksodus soos dit wat met fisiese Israel destyds gebeur het … en mag ons dit hierdie keer regkry!

Die arendsvlerke wat die vrou te hulp gesnel het, is diè wat Israel beskerm het met die uittog uit Egipte.

> Ex 19:4 Julle het self gesien wat Ek aan die Egiptenaars gedoen het, en dat Ek julle op arendsvlerke gedra en julle na My toe gebring het.

Die vlerke is JaHUaH as Israel se Elohiem se beskerming, dis Verbondsvlerke.

Deut 32:11  Soos ‘n arend sy nes opwek, oor sy kleintjies sweef, sy vlerke uitsprei, hulle opneem, hulle dra op sy vleuels—
Deut 32:12  JaHUaH alleen het hom gelei, en daar was geen vreemde god by hom nie.

Mag ons met die beskerming van daardie Arendsvlerke dit hierdie keer regkry om direk na die Beloofde Land vanuit die Egipte van hierdie wêreld te gaan en nie Judaïsme volg nie, net om dan uit te vind dat “die skip sonder ons geseil het” terwyl ons nog steeds in die teenoorgestelde rigting sal kyk om Satan se **Namaaksel** dop te hou soos wat sy planne ontvou in Jerusalem en in die “Pragtige Land”.

Dat die Slang water uit sy bek agter die vrou aan uitgooi, is die vervolging wat met ‘n vloed vergelyk word. Katastrofiese gebeurtenisse in die Woord is dikwels met ‘n vloed vergelyk omdat dit so ‘n vernietigende mag is.  Die Engelse vers in Jes. 59:19 gee dit goed weer.

Isaiah 59:19  So shall they fear the name of YHWH from the west, and His glory from the rising of the sun. When the enemy shall come in like a flood, the Spirit of YHWH shall lift up a standard against him.

Verskillende dinge word vir ons aangedui in die Boek van Openbaring.  Daar is Hongersnood, Oorloë, Aardbewings, Vulkane, Meteoriete en  die Son wat verduister, die Maan wat Bloedrooi word soos wat die atmosfeer gevul word met Vulkaniese as en stof en die Hemel wat oprol soos ‘n boekrol en elke berg en eiland sal verwyder word vanuit sy plek.

JaHUaH gebruik sy eie Skepping om dit tot stand te laat kom wat Hy beplan, naamlik die aanbreek van Sy Koninkryk van die Hemel.

Die wat aan die spits staan met hulle planne vir Wêreldoorheersing  het hulle uitgewerkte planne, maar JaHUaH se profetiese woord sal in vervulling gaan soos dit geopenbaar is in Daniël en Openbaring.

So is daar gedurig konflik tussen Lig en Duisternis en het elke Era het sy eie groot konflik of katastrofe in hierdie stryd tussen die Koninkryk van Lig en die Koninkryk van Duisternis.

Verglyk die Tabel:  “Verskillende Eras”:

Sien ook:  “Short summary of Revelation in Connection with the Trumpet Blasts”...

0-0-0-0-0-0-0

AndriYaH
2015
Vertaal deur AndriYaH
2017